[14]

Linden Forum

P/A Derdestraat 44

Linden

2195

24 Februarie 1992

Werkgroepe 1 en 2

KODESA

Posbus 307

1600 ISANDO

**MEMORANDUM: KONSTITUSIONELE SAKE**

Na aanleiding van u uitnodiging om memoranda insake u werksaamhede, het Linden Forum besluit om die volgende aan u voor te lê as ons oorwoë mening. Linden Forum is 'n gespreks- of debatsgroep wat in die Lindenomgewing van Johannesburg funksioneer en wat gereeld bymekaarkom om sake van die dag indringend te deurvors en te bespreek na aanleiding van voorleggings deur kundige sprekers.

Daar is waarskynlik niks nuuts in die memorandum nie, maar ons bydrae is om, as 'n groep mense wat die hervormingsproses steun, die volgende sake by u te beklemtoon as van groot belang by ons wanneer 'n nuwe grondwet daargestel moet word.

* Die intimidasievlak in die land is totaal te hoog om van enige **vrye en regverdige verkiesing** te praat. Veral die ANC, PAC en Inkhata moet hierdie saak eksplisiet en tot **sigbare** tevredenheid by die res van die land hanteer en oplos **voordat** enige verkiesing gehou kan word.

* 'n Markgedrewe gemengde stelsel is die enigste **ekonomiese stelsel** wat enigsins daarin sal kan slaag om die ekonomiese probleme van die land te kan oplos. Dit is ook al stelsel wat waarskynlik vir 'n groot deel van die bevolking aanvaarbaar sal wees. Enige moontlikheid van 'n Marxistiese of sentraalbeheerde ekonomiese stelsel moet verwerp word.

* **Selfbeskikking** deur taal-, kultuur- en etniese groepe moet sover as wat prakties moontlik is in die grondwet vervat wees. Daarom is 'n soort federale of kanton-stelsel aangewese. Die groot-smeltpotidee in ons land met sy heterogeniteit is die resep vir 'n ramp.

* Die **private besitreg** en die behoorlike kompensasie vir onteiening moet eksplisiet in die grondwet gewaarborg word, so ook die reg van partye om na die howe te gaan met 'n dispuut oor dié saak.

* Die totale **onafhanklikheid van die regbank** moet gewaarborg word. Aanstelling van regters moet deur regskundiges beheer word.

* **Meriete** moet die enigste maatstaf vir aanstelling en bevordering in alle fasette van die samelewing wees. Die sogenaamde regstellende aksies is slegs omgekeerde diskriminasie en sal die potensiaal vir geweld in die land die hoogte laat inskiet, om nie eers te praat van die verlies aan geskoolde mannekrag wat dit teweeg sal bring nie. Elke sektor van die samelewing sal egter 'n

grootse poging op die gebied van skoling en opleiding moet aanwend om gelyke geleenthede daar te stel.

* **Godsdiensvryheid** moet deur die grondwet of handves van menseregte beskerm word.

Bogenoemde is waarskynlik die belangrikste vereistes om te verseker dat 'n geslaagde en vreedsame bestel in Suid Afrika geskep kan word wat effektief sal funksioneer en die land homself sal kan laat handhaaf in die internasionale arena.

Mr.J C KOK

VOORSITTER: LINDEN FORUM